

# Macy se Skuur Kat

## Beloftes


Want niks is onmoontlik vir God nie!!
Lukas 1:37

Ek is mal oor katte!


Hou jy ook van katte?

My Ouma was mal oor katte, maar my Oupa het niks van katte gehou nie

Net voordat ek gebore was, het my Oupa hemel toe gegaan. So, toe ek 3 jaar oud was, het my mamma vir haar ma, Ouma, haar eie kat as 'n Kersfees geskenk gegee.



# Spade



Ouma het het haar Calico kat Spade genoem. Spade was mal oor my Ouma maar sy het nie van my gehou nie. Ek was nie sagmoedig met Spade nie.

Wanneer ek by my Ouma gaan kuier het, het Spade vir my weggekruip onder 'n tafel of diep agter die bank.

Wanneer sy wegkruip, sou ek onder die bank ingekruip het agter haar aan en Spade aan haar pote probeer uittrek om haar vas te hou.

Wanneer ek haar vasgehou het, het ek haar baie styf vasgedruk want as ek nie het nie, sou Spade uit my arms gespring het en weggehardloop het.

Meeste katte sal krap of byt of sis sodat jy ophou. Spade het nie gekrap of gebyt of gesis nie, maar ek het nie opgehou om haar te probeer vang nie.

Toe my Ouma hemel toe gaan om by Oupa te wees, wou ek Spade vir myself gehad het. Maar ons het 'n baie groot hond gehad met die naam Sam.





**Ons Hond Sam**

Sam was 'n Duitse Herdershond en hy was mal daaroor om katte te jaag. Ons het ons hond die Engelse naam vir Simson in die Bybel, Samson, gegee want hy was baie sterk. Ons hond Sam, was baie sterk en het ons gesin beskerm.

Duitse Herdershonde is goeie honde en ons Sam was 'n buitelug hond met 'n dik, olierige pels.

Aangesien ons Spade nie binne kon hou nie, want my broer is allergies vir kat hare en Spade was nie veilig buite saam met Sam nie, het God vir haar 'n nuwe huis gekry.

'n Dierbare dame by ons kerk het Spade gevat omdat sy ook mal was oor katte.

Sonder Spade vir wie ek kon gaan kuier het, wou ek so graag 'n kat gehad het en ek het gehuil. Ek het my pa gevra en hy het gesê, "Jy hoef nie te huil nie want ons gaan ver weg trek om op 'n plaas te bly.  En as ons plaas 'n skuur het, kan jy 'n **skuur** kat kry."

Toe ons na ons plaas toe getrek het, was ek baie bly want ons het baie skure gehad. Maar toe ek vir my kat gevra het, het my pa, "Nee" gesê. Toe ek by my ma gehuil het, het sy gesê, "Moenie weer jou pa vra nie, bid net Macy en sien wat jou Hemelse Pappa sal doen."





## God Beantwoord My Gebed

So, elke keer as ek aan die kat gedink het wat ek nie gekry het nie, of as ek aan Spade gedink het, het ek my Hemelse Vader, God, gevra om vir my 'n skuur kat te gee.

Eendag het iets slegs gebeur wat God vir goed gebruik het en dit was hoe Hy beplan het om my gebed te beantwoord toe ek Hom die eerste keer gevra het!

Ek was agter ons groot skuur toe een van ons perde op my voet getrap het. My voet het vet geword en het begin pers word.

Ek het probeer maar ek kon nie ophou huil nie. My pa het gesê, "Macy, sê vir almal om in die bussie te klim, ons gaan na 'n spesiale plek toe. Ons gaan vir jou 'n skuur kat kry." Ek het in ons groot, lang bussie geklim en ons het gery tot in die heuwels.

Toe ek in die bussie klim, het ek vergeet van my seer voet. Ek was gelukkig!! God het hierdie hartseer, slegte ding gebruik —net soos wat Hy altyd doen.



Terwyl ons tot in die heuwels gery het, het ons deur 'n vlak stroom gespat voordat ons by 'n ou plaas gestop het. Almal van ons: ek, my drie broeties en my twee sussies het uit die bussie gespring toe ons die dosyne klein katjies orals gesien het!!

My pa en ma het vir my gesê, "Macy, gaan soek jou skuur kat." Ek het dadelik my skuur kat gesien. Ek het haar in my arms opgeraap, haar gesoen en vir God dankie gesê omdat Hy my gebed beantwoord het!





# Latte

Latte se pels het soos 'n koppie koffie gelyk met baie room in—net soos wat my mamma daarvan gehou het om dit te drink.

Toe my mamma my kom soek het, het ek gesien dat sy Latte se mamma vashou wat ek ChiChi genoem het, dit klink soos "She-She" in engels, my mamma se gunsteling Franse gebak wat sy saam met haar koffie geëet het! My ma het gesê dat Latte te klein is om van haar mamma af weg te wees, so God het vir my DUBBEL gegee! Ek het nie net een skuur kat gekry nie,

ek het twee gekry! 'n Mamma kat en haar sagte, baba katjie!

Ek het geleer dat wanneer jy bid, God jou Vader, jou hoor bid en Hy wil jou seën met dubbel waarvoor jy gehoop het! As iets nie regverdig is nie, wat die Bybel sê onregverdig is, beteken dit dat God jou DUBBEL wil seën of twee keer soveel!

Hierdie is een van God se miljoene beloftes. Jy kan dit lees in jou Bybel in Jesaja 61:7-8—waar Hy al Sy beloftes vir my en JOU gelos het!



## Gelukkige Einde

God is nie net mal daaroor om ons met DUBBEL te seen —deur vir ons twee te gee as ons bid nie!! Hy is regtig MAL oor die woord vermenigvuldig—en vermenigvuldig beteken wanneer twee vier word en vier verander in BAIE skuur katte! God het my met meer en meer skuur katte geseën, baie werpsels.

Baie vining het ons baie katte gehad wat die muise uit ons skure en uit ons huis gehou het, wat my pappa baie bly gemaak het dat ons skuur katte gekry het!









**Die Einde**

# Toewyding

Hierdie boek word toegewy aan kleindogters. Moet nooit die storie van Macy vergeet nie, ook nie wat Matteus, Markus en Lukas vir ons vertel het nie ..

Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: "Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik." Matteus 19:26

Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: "Vir mense is dit onmoontlik maar nie vir God nie, want vir God is alles moontlik." Markus 10:27

Daarop antwoord Hy: "Wat vir die mense onmoontlik is, is vir God moontlik." Lukas 18:27





# El gato del Granero de Macy

## Promesas

¡¡Porque ninguna cosa será imposible para Dios!! Lucas 1:37